

26 Maart

As ons ontrou is, Christus bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:10; 2:13

Reeds in Paulus se tyd was daar ontrou in die kerk. 2 Timoteus 4:10 verwys na Demas wat Paulus verlaat het en die teenswoordige wêreld liefgekry het. In die oorspronklike taal word dit skerp uitgedruk, naamlik dat Demas Paulus in die steek gelaat het. Hy wat 'n medewerker van Paulus in die kerk was, laat die Here in die steek uit liefde vir die dinge van die teenswoordige wêreld.

Sulke lidmate word vandag nog gevind. Hulle het hulle geloof bely, maar word ontrou. Die wêreld met sy geld, sport, genot en sonde word liefgekry. Ons moet oppas, want as ons ontrou is, Christus bly getrou (2 Tim 2:13). Dit beteken Hy bly getrou aan sy waarskuwing dat wie Hom verloën voor die mense, sal Hy verloën voor sy Vader.

Hierdie woorde moet ons waarsku, maar nie moedeloos maak nie. Daar is ook 'n ander sy van Christus se getrouheid. Hy bly ook aan sy beloftes getrou. Hoe het Petrus dit nie ervaar nie! Hy het Christus drie maal verloën, maar hy het deur genade nie daarin volhard nie. Hy het tot bekering gekom, want hy het die belofte van Christus se verlossing gehad: "Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie ..." (Luk 22:32).

Laat ons aangespoor word om as verlostes deur Christus, wat ook vir ons bid, getrou aan Hom te bly. Namate die einde nader kom, sal die aanslae teen ons as kerk toeneem en so ook ontrouheid en afvalligheid binne die kerk. Laat ons dan gewaarsku wees, maar ook bemoedig en vertroos word deur die betroubare woord oor Christus wat as Verlosser bid dat ons geloof nie ophou nie.

Sing: Psalm 73:12

Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)